Burger Leefstyl

Kultuur om elke hoek en draai

01/04/2008 08:07:24 PM - (SA)

DIE Klein-Karoo maak jou rustig. Geen wonder mense soos Beate en Meyer Joubert op die wynlandgoed Joubert-Tradauw, waar Leefstyl verlede week gekuier het, het nie ’n TV-stel nie. Daar is genoeg ontdekkingsreise hier om jou besig te hou.

Net buite Oudtshoorn in die rigting van George staan die pyle met die woord “Moooi” (drie o’s, ja) helderrooi en opeenvolgend teen die Karoolandskap uit.

Dit is die naam waarmee Wim Rheeder en Danie du Plessis die kunsgalery (wat uit ’n melkstal geskep is) op hul plaas, Jamstreet, gedoop het. Dit is genoem na die Rooiheuwelpad wat daar verbyloop. Jamstreet is ook die naam van hul se Kaapse studio vir grafiese ontwerp, wat nou ook hier bedryf word. Maar ná ’n kuiertjie in die Karoo was die vrede hier nie vir die spertye en stadslewe verruilbaar nie.

“Ek is sedert November hier terwyl Wim die onderneming in die Kaap bedryf en heen en weer ry. Dit was ’n impulsiewe besluit, maar toe ek met die Swartberge agter my rug wakker word, het ek geweet dis waar ek hoort.”

Die eens spoggerige plaas was verwaarloos toe hulle dit gekoop het, maar vandat die manne hul hande daarop gekry het, word die een ideaal ná die ander verwesenlik.

Die werkershuisies word in selfsorgeenhede omskep, ’n ou kraal word binnekort die koffierestaurant Rooi, met die kroeg wat Gooi sal heet.

Teen die heuwel agter die galery sal teen die einde van die jaar ’n opelug-amfiteater met 600 sitplekke wees. En hulle is reeds aan die werskaf om ’n labirint uit wynbottels en ’n doolhof met weggooi- motorbande te bou.

“Die grond rondom word met druifpitte bedek, en tussen die twee rye bottels word Karooplantjies geplant,” verduidelik Danie.

“Baie mense se kopsere lê hier – ek het elke dag ’n draai by die Absa-wyntent gaan maak.”

Vir dié wat die uitsig met ’n private piekniek en vonkelwyn wil geniet, word die varkhokke, met hul ou hekkies, in romantiese losies omskep.

Net ’n entjie verder staan vyf alpakkas in die kraal: Claus, Beeno, Julian, Kerry en Jeddah. Die ganse, wat elke nou en dan in ’n ry verbywaggel, is almal na sangers genoem: Frankie, Shirley, Micheal en Kylie. Onlangs het iemand ook ’n skilpad, nou genaamd Tretchikof, van ’n gewisse dood uit die pad gered.

“Die plek was soos ’n lelike skildery wat ons weer wit moes verf en van voor af moes skilder.”

En die res van die plaas?

"Ons verhuur 'n deel aan 'n boer. Ek gaan my definitief nie in 'n boerdery begewe waarvan ek niks weet nie!"

Karoo-smulpape

Maar voordat ek die dorp verlaat, besoek ek vir oulaas die restaurant La Dolce Vita. Dié plek, 'n nuutjie op die dorp, het besoekers omtrent aan die praat gehad. Dit is 'n eenvoudige restaurant sonder tierlantyntjies, met die beste, beste kos en beste atmosfeer. En wanneer die plek laatnag begin gons het, het Schalk Moss van Stellenbosch die mense met sy stem en kitaar bekoor. Ander musikante van Kofibaai (Sipho) en Wildernis (Johan Nel en Pieter van Pletzen) het ook ingeval en die mense met tromme, harpe en kitare vasgenael gehou.

Om Sondag net reguit huis toe te ry, is dus weer nie moontlik nie. Dié keer stop ek by Boplaas, bekend om sy wyn, brandewyn en veral die port wat drie keer ná mekaar as kampioen gekroon is. Carel Nel en sy dogters wys my toe 'n bietjie rond.

"In 1880 het my agteroupagrootjie al hier brandewyn gestook en Londen toe uitgevoer. Dit is in vate vanaf Calitzdorp met 'n ossewa tot op Worcester vervoer, van daar met die trein tot in Kaapstad en per skip na Engeland," vertel hy.

Sy dogter Margo volg in haar pa se skoene. Sy studeer vir haar meestersgraad in wingerdkunde, en Rozanne doen die bemarking.

"My pa-hulle het op 'n jagtog gespot oor olifante se groot voete wat die trapwerk kan doen. En toe gaan doen ons dit met die olifant Harry op Knysna. Dié olifantwyn word in Mei bekend gestel."

Skaars terug op die pad, of Barrydale trek my weer soos 'n magneet.

"Stop gerus by Clarke Of The Karoo," onthou ek die sjef Francois Ferreira se aanbeveling, en dit verg min om 'n mens se arm in só 'n mooi omgewing te draai.

Groot op die spyskaartborde staan "Karoo-oesters" geskryf. Oesters in die Karoo? Ek bestel dit uit nuuskierigheid sonder om te veel oor die gereg uit te vra.

Eers word stukkies waatlemoen en mentblare met rooiwynreduksie voorgesit, voordat die eienaar, Mike Clarke, trots met sy bord "oesters" verskyn.

"Dit is lewertjies in netvet met 'n soet chili-sous. Die chili-sous raak ontslae van die vet in jou mond. Dit is nou die Karoo se 'oesters' en delikatesse, soos die see en skulpvis vir julle is. Sommige mense glo selfs hulle gaan oesters kry!"

Ek sê niks nie.

Oorspronklik van Liverpool, Engeland, het Mike die Leeus-toer in 1974 kom bywoon. Hy is nooit terug nie.

En toe word sy gunsteling voorgesit: diepgebraaide witvissies met 'n glas yskoue chenin. Maar dis die bobotie wat die interessantste ervaring was en met 'n verskeidenheid samballe opgeskep word: kerrieperskes,

mangoblatjang, suurlemoen-en-mango- en groente-atjar, piesang in jogurt en bros poppadoms om dit in jou mond in te skep.

"Sien, jy't nee gesê vir die bobotie, maar dit is soveel pret met soveel smake. Kos is my lewe; dit is wie ek is. En in die Karoo is alles wat lekker is!"

ABSA KKNK

Haar viool 'n 'tydelike hemel'

JACKIE PIENAAR-BRINK

24/03/2008 11:52:20 AM - (SA)

OUDTSHOORN. – Die 19-jarige krap-krap aan sy ken met sy regter-wysvinger. Dit word in 'n spalk-posisie gedwing deur 'n reusesilwerring wat in 'n skerppunt-nael eindig.

Swart naels, 'n sweempie van swart oogomlyner en 'n swart T-hemp met "Children of Bodom" daarop rond sy uitrusting vir 'n dagbesoek aan die Absa KKNK af.

"Wow!" sê hy met ingetrekte asem.

Tien minute later: "Hulle moet súlke musiek George toe bring."

André Myburgh se oë is vasgenael op die swartkop-violis van Zamar, wat saam met vier medemusikante in La Dolce Vita vrolike straatklanke voortbring.

Oorkant hom sit sy vriend Raymond van der Merwe. "Metallica" staan op sy swart T-hemp geskryf. Ook sý oë is op Veronica Bell met haar driftig-energieke vioolpassies.

Dit is nié musiek à la "Children of Bodom" nie.

Maar Myburgh is gefassineerd. "Ek love dit," sê die jong metal -aanhanger. Die wysvinger-ring, wat hy vroeër die dag by een van die stalletjies raakgeloop het, blink in die lig. (Dit is al van 1992 af in die mode, help hy my uit my onkunde.)

Die violis kom sit by ons tafel vir 'n kort onderhoud.

"Daai musiek is wónderlik. Jy kan speakers in die hele huis sit. In jou badkamer . . . Die hele dag . . . " swymel Myburgh.

Sy oë verlaat Bell nie 'n oomblik nie. En dieselfde geld baie van die mans én vroue in die restaurant waar Zamar die res van die fees daagliks informeel gaan optree.

"Hoe lank het dit jou gevat om viool te leer?" wil Myburgh by die violis weet toe die kans hom voordoen.

"Ek was vier toe ek begin het. En ek het 'n baie goeie onderwyser op Stellenbosch, op universiteit, gehad."

Myburgh: "Dit is een ding wat ek enige tyd sal leer om te speel."

Sy ring blink.

Amper so helder soos sy oë.

’n Tydjie later skuif Bell se man, Usher, by die tafel in. Die jong mans is weg.

Usher, self ’n musikant, lag net oor die reaksie wat sy violis-vrou en nou ook die ma van hul twee kinders ontlok.

Dan vertel hy hoe versot hy van die eerste oomblik af op haar was.

’n Jaar lank het hy haar “agtervolg”, selfs sanglesse by die konservatorium aan die Universiteit Stellenbosch begin neem om net naby haar te wees. In dié tyd sou sy soms wonder hoekom haar gunsteling-skyfies in haar oefenkamer opduik.

“Ek was berserk,” vertel Usher en lag. “Ek het ’n ‘agent’ in die konservatorium gehad. Ek het geweet wat haar ID-nommer was, haar kar se registrasienommer. Ek het my pelle gesleep na al haar uitvoerings . . . ”

Dit was eers later dat Usher, een van ’n drieling, uitgevind het dat sy drieling-broers óók meer as terloopse belangstelling in haar getoon het.

Toe hy uiteindelik die moed bymekaargeskraap het om verder as agtervolging te vorder, het dinge vinnig ontwikkel. Dit was nou in die tyd toe sy nog “valletjiesrokke” gedra het.

Vandag is hulle 13 jaar getroud.

“Ek twyfel partykeer of ek hemel toe gaan. Maar ek het nog nooit getwyfel of sy die regte vrou is nie,” swymel hý óók.

Daar ís Afrikaans in ons almal’

Leon-Ben Lamprecht

23/03/2008 08:44:55 PM - (SA)

OUDTSHOORN. – Wat is die kans dat ’n mens ’n Engelse Zoeloe van KwaZulu-Natal Afrikaans op die Absa KKNK sal hoor sing?

Wel, beter as wat jy sou dink.

Ontmoet Simangele Mushazi, “21 *going on* 22 in Augustus”. Sy wat saam met (maar nie beperk is tot nie) die instrumentele groep Zamar optree. Sy wat nie ’n oggendmens is nie. Sy wat van haar persoonlike ruimte hou. En sy wat “Transkaroo” van Herman Holtzhausen en “Ek verlang na jou” van Anton Goosen sing.

Ons ontmoet mekaar in La Dolce Vita, ’n restaurant in Baron Van Reede-straat met ’n átmosfeer.

Ter agtergrond: Sy’s oorspronklik van Newcastle in KwaZulu-Natal en was ’n leerling aan die skool waar Veronica Bell, vioolspeler van Zamar, se ma klas gee. Sy het voorgestel dat Mushazi ná skool by Bell se musiekskool op Stellenbosch inklok.

Mushazi is nie ’n feesmaagd nie – dit is haar derde keer op die KKNK. Sy sing tans *covers*, maar “ek dink daaraan om my eie liedjies te begin skryf”.

Sy voel, in dié stadium van haar lewe, dat niks in klip gegiet is nie, alles is vloeibaar. Soos die album wat sy nog wil uitbring ("moet my nie vra wanneer nie").

Sy beskryf haarself as 'n "*shapeshifter*": "Ek probeer baie dinge (doen). As ek saam met 'n jazz*band* optree, probeer ek jazz. As niemand kla nie, sal ek dit weer probeer (doen)."

En sy's mal daaroor om op die verhoog te wees, dit voel nie vir haar soos werk nie.

Nou hoe het dit gebeur dat dié jong sangeres (wat Zoeloe, Engels en Afrikaans magtig is) ook in Afrikaans sing?

"Ek het 'n lorrievrag vol Afrikaanse vriende en hulle het voorgestel ek moet in Afrikaans sing."

En dit is toe dat Bell voorstel dat sy "Transkaroo" probeer sing. "En ek dog toe 'Ronna☒.☒.☒.☒ek ken nie die sentiment nie☒.☒.☒.☒'."

Maar sy het dit gesing en die mense het gereageer.

"Mense is meestal aanvanklik geskok. En soms grap ons en sê ek gaan nou 'n tradisionele liedjie sing en dan sing ek dit. Maar hulle is mal daaroor. Dit vat hulle terug.

"Ek sing ook 'Ek verlang na jou'. Ek hou van daai een ook."

Hoe voel sy oor vanjaar se feesleuse, "Daar's Afrikaans in ons almal"?

"Ek het nogal gedink die leuse is oulik. Ek meen, hier is ek, 'n*outsider* (haar hande beduie aanhalingstekens) en ek sing Afrikaans. En dis pret.

"Ons is almal Suid-Afrikaners. Wat is die kans dat jy 'n Engelse Zoeloe van Natal sal hoor Afrikaans sing op die KKNK?"

Sy sing ook in Zoeloe, Engels, Xhosa en nóg.

En sy geniet die fees: "Die beste, beste deel van die KKNK is om op te tree. En om so 'n wye verskeidenheid mense te ontmoet. En as ek wel die kans kry om 'n *show* by te woon, dan is dit lekker☒.☒.☒."

Is daar sleg ook? "Die hitte! Dis die ergste. En in die algemeen by feeste – jy het nie persoonlike ruimte nie."

Was daar al enige onsmaaklike voorvalle, dalk rassisme? "Nee, ek het nog geen onsmaaklike ervarings en geen rassisme ervaar nie. Almal wat ek ontmoet, is net wonderlik met my."

Breër gesproke is haar oë nie geskil vir die werklikheid van die musiekbedryf nie. Maar dis wat sy wil doen en dis wat sy gaan doen. "Ek wíl 'n loopbaan in musiek hê. Dis taai. Ek dink nie dit gaan ooit maklik wees nie. Ek bly daarby, want ek wil niks anders doen nie. "Ek het hierdie gekies. Ek gaan nie daaroor huil as dit een maand nie goed gaan nie. Jy moet bereid wees om honger te ly," en, voeg sy laggend by: "Ek het darem nog nie!"

Sy tree vanjaar net saam met Zamar in La Dolce Vita op, tussen 10:00 en 17:00.